



Central University of  
Technology, Free State

## COMMUNIQUÉ AAN DIE SUT GEMEENSAP

### OPVOLGSKRYWE: ONDERSTEUNING EN INLIGTING RAKENDE DIE 21-DAE INPERKINGSBEVEL

16 April 2020

2020 #11

#### Liewe SUT Gemeenskap

Namate die COVID-19 pandemie voortduur en sosiale, ekonomiese, sielkundige en fisiese verwoesting saai, raak Bestuur toenemend bekommerd oor jul welstand. Wees asseblief verseker dat ons saam hierdie uitdaging in die gesig staar. Julle is nie alleen nie, en ons sal deur hierdie moeilike tyd kom.

Die Bestuurskomitee en die Uitvoerende Komitee van die Senaat het besluit dat ons vanaf 20 April 2020 met aanlyn-onderrig sal begin. Meer inligting in hierdie verband sal deur die loop van vandag met u gedeel word.

Ek het drie videoboodsappe vrygestel om my toewyding aan julle te betoon. Die volgende is 'n opsomming van my boodskap:

**Aan studente:** Ons is daaraan toegewy om julle te help om jul 2020 akademiese jaar suksesvol te voltooi. Bykomend tot 'n aangepaste Akademiese Kalender, het ons ook maatreëls in plek gestel om julle met die vereistes van alternatiewe onderrigmetodes toe te rus, insluitende die verkryging van 4 000 elektroniese toestelle wat aan behoeftige studente regoor die land versprei sal word, asook nulkoers data opsies. Ons is ook besig om alternatiewe opsies te ontwikkel vir studente in afgeleë areas met geen of beperkte toegang tot e-tegnologie. Die akademiese Adjunkvisekanseliers en die Registrateur sal verder met julle kommunikeer rakende gedetailleerde planne en riglyne vir studente, werksgeïntegreerde leer (WIL), meesters- en doktorsgraadstudente, en internasionale studente. Ek hoop dat julle sal fokus op die voordele wat die aanleer van nuwe leervaardighede en die ontdekking van nuwe maniere om jul situasie te bestuur, inhou.

**Videoskakel:** [A message to CUT Students on 16 April 2020](#)

**Aan personeel:** Dankie vir jul volgehoue ondersteuning – dit is 'n voorreg om deel van so 'n ywerige en bewonderingswaardige span te wees. Ons sal deur middel van riglyne en praktiese ondersteuning aan julle leiding verskaf ten opsigte van jul betrokkenheid by, en uitvoering van, aangepaste metodologieë. Administratiewe maatreëls sal ook via die toepaslike departemente aan julle gekommunikeer word, en individuele vrae en bekommernisse sal so gou as moontlik aangespreek word. Die relevante Uitvoerende Bestuurders sal verder met julle kommunikeer rakende gedetailleerde planne en riglyne.

**Videoskakel:** [A message to CUT Staff on 16 April 2020](#)

**Aan alumni en vennote:** Sonder julle bystand sal ons nie in ons studente se behoeftes kan voorsien nie. Tot op hede het ons R14 miljoen beskikbaar gestel om ons studente se las te verlig, en relevante navorsing ter ondersteuning van die regering moontlik te maak. Ons moet egter ons rande rek, en dus reik ons uit na julle vir ondersteuning op enige moontlike wyse. Sommige van ons studente se onmiddellike behoeftes sluit in elektroniese toestelle om aan aanlynkursusse deel te neem, konnektiwiteit om toegang tot aanlyninhoud te verkry, en data om konnektiwiteit vol te hou. Stuur asseblief 'n e-pos na [COVID-19support@cut.ac.za](mailto:COVID-19support@cut.ac.za) indien jul op enige wyse bystand wil verleen. **Videoskakel:** [A message to CUT Alumni and partners on 16 April 2020](#)

Besoek asseblief ons webwerf en ander amptelike kommunikasiekanale vir opgedateerde inligting, en onthou om die COVID-19 veiligheidsprotokol na te kom.

Mag julle almal geseënd wees!

**Prof. Henk de Jager**

Visekanselier en Rektor